# HOEKOM is die BONSMARA so SUKSESVOL in Namibië?

***Joggie Briedenhann en Nico Visser***
***Hartebeestloop Bonsmaras***

Die Bonsmara het sedert sy bekendstelling in Namibië in 1975 drasties gegroei tot een van die grootste en bekendste beesrasse in die land. Die grootste rede vir die sukses van die Bonsmara is die feit dat wetenskaplike en omgewing-gefundeerde minimum rasstandaarde vasgestel is. Hierdie minimum rasstandaarde vir produksie- en voorkoms-eienskappe is opgeteken en word streng toegepas. Prestasietoetsing is verpligtend vir alle Bonsmara-telers – die enigste ras wat dit van al sy telers vereis.

Enige dier wat nie die minimum rasstandaard bereik nie, word uitgeskot op verskillende vlakke van aanmelding:



***Jong, goedgekeurde Bonsmara-verse wat aan al die vereistes van die Genootskap se rasstandaarde voldoen – 'n waarborg vir funksioneel doeltreffende diere.***

- Die jaarlikse inspeksiebesoek van keurders aan telers is die eerste amptelike vlak waartydens diere geïnspekteer en geëvalueer word. Dit is verblydend om te sien dat Bonsmara-telers glo in die kundigheid van die senior keurders en in volgehoue opleiding. Bonsmara-standaarde is duidelik omskryf en telers verstaan presies aan watter kriteria hul beeste moet voldoen. Dit is 'n wenresep!
- Bonsmara-telers word aangemoedig om voort te gaan met die uitnooi van kommersiële boere na die stoetkeuring van Bonsmaras. Meer as 200 gaste het die afgelope jaar Bonsmara-stoetkeurings bygewoon waar hulle blootgestel is aan die Bonsmara-stelsel van prestasietoetsing en waardetoevoeging. Dit is die beste geleentheid om die kommersiële boer se mening oor die ideale bul vir sy omgewing en produksiestelsel te kry. Geen ras se bestaansreg kan verseker wees as dit nie in die kommersiële sektor winsgewend produseer nie.

Die tabel hieronder wys die jaartal, aantal diere van verskillende rasse wat aangebied is, die aantal diere wat vir stoetteling goedgekeur is en die aantal diere wat afgekeur is. Die drie rasse met die meeste geregistreerde diere in Namibië is gekies vir hierdie vergelyking.

| | JAAR | GOED-GEKEUR | AFGE-KEUR | TOTAAL | % GOED-GEKEUR | % AFGE-KEUR |
|---|---|---|---|---|---|---|
| BRAH-MAN | 2006/2007 | 1647 | 316 | 1963 | 84% | 16% |
| | 2007/2008 | 1499 | 276 | 1775 | 84% | 16% |
| | 2008/2009 | 1864 | 270 | 2134 | 87% | 13% |
| | 2009/2010 | 2120 | 348 | 2468 | 86% | 14% |
| NGUNI | 2006/2007 | 593 | 145 | 738 | 80% | 20% |
| | 2007/2008 | 639 | 67 | 706 | 91% | 9% |
| | 2008/2009 | 825 | 63 | 888 | 93% | 7% |
| | 2009/2010 | 678 | 49 | 727 | 93% | 7% |
| BONS-MARA | 2006/2007 | 1172 | 675 | 1847 | 63% | 37% |
| | 2007/2008 | 1201 | 705 | 1906 | 63% | 37% |
| | 2008/2009 | 1402 | 788 | 2190 | 64% | 36% |

Die behoud van die Bonsmaras en die waarborg vir voortgesette groei in die mark is die handhawing van streng dissipline tydens keuring. Die aantal diere wat afgekeur word, is aansienlik meer as in enige van die ander rasse. Die afkeurpersentasie van Bonsmaras is gemiddeld dubbel soveel as dié van ander rasse. Daar is verskeie redes vir die groter afkeurpersentasie onder Bonsmaras, naamlik:

- Die minimum rasstandaarde kan aansienlik strenger wees en keuringsvereistes vir die registrasie van diere dus hoër.
- Keurders se inspeksiebeleid kan strenger wees as dié van die ander rasse.

Die Bonsmara-beleid is om slegs diere goed te keur wat gelykstaande is aan en/of geneties meerderwaardig is tot die rasgemiddeld. Streng seleksie is die enigste wapen in die hande van die senior keurders en die Genootskap om minderwaardige gene uit die ras te verwyder. Streng seleksie om die ras geneties te bevorder is in die hande van die teler. Vir die Bonsmara-telers en die kommersiële boere is die volgehoue konstantheid in die afkeurpersentasie baie bemoedigend. Van 2006/2007 tot 2009/2010 was die verskil in afkeurpersentasies nie meer as 1% nie. Telers kan slegs die ras geneties verbeter as die rasstandaarde eenvormig en deurlopend streng toegepas word. Keuringsvereistes en standaarde word jaarliks op 'n senior keurdersdag bevestig.

Bonsmaras wat op veilings aangebied word, word onder die beskerming van die Genootskap gedoen. Dit beteken dat die prestasietoets-inligting van die veilingbul sowel as sy vaar en moer se prestasiedata en reproduksiedata deur die Genootskap as korrek gesertifiseer is. Geen Bonsmara kan op enige veilingkatalogus verskyn as die data nie as korrek deur die Genootskap aanvaar is nie. Dit bied 'n groot mate van gemoedsrus aan die voornemende koper as hy weet dat

# HOEKOM is die BONSMARA so SUKSESVOL in Namibië?

die inligting uit die katalogus van die Genootskap kom en nie van die teler alleen nie. Die aantal eerste aanvaardings (diere wat opgeteel is deur die optelingsprogram tot suiwer Bonsmaras) het ook die laaste paar jaar verminder. Dit is 'n bewys dat die kopers meer gerus is om geregistreerde diere te koop wat reeds aan die Genootskap se vereistes voldoen.

Die feit dat alle Bonsmaras onder die beskerming van die Genootskap aangebied word, is 'n vereiste wat behou moet word. Die Bonsmara is die enigste ras wat dit van sy telers vereis.

Alle prestasiedata en aantekeninge, soos geboortes van Bonsmaras, word aan die INTERGIS (Integrated Registration and Genetic Information System) gestuur wat deur die Landbounavorsingsraad en SA Stamboek in Suid-Afrika bestuur word. Hierdie twee instansies dien as 'n volgende stap van "keuring", deurdat die rekenaar-sagteware die diere identifiseer wat nie die minimum rasstandaarde behaal nie. Hier word veral gelet op reproduksiedata soos die interkalfperiodes van vroulike diere en die groei-eienskappe van bulle. Die diere wat nie die minimum rasstandaarde behaal en volhou nie, word outomaties by die instansies en die Genootskap gekanselleer. Dit is 'n deurlopende proses en Bonsmaras word jaarliks geëvalueer om te sien of hulle nog aan die rasstandaarde voldoen.

Al bogenoemde prosesse dra by tot die geloofwaardigheid van die ras en telers. Die insameling en integriteit van prestasiedata tesame met streng keuring onderskei die Bonsmara van baie ander beesrasse en maak dit 'n gewilde keuse vir kommersiële boere.